

## Bepalings en voorwaardes vir kompetisie 2

### 1. Beskrywing van kompetisie

- Instuur van nuutskeppings (dit is woorde of beskrywings) wat beskrywend is tot nuwe situasies en ervarings te midde van die Covid-19 inperking.
- Dieselfde persoon kan soveel keer hul wil inskryf, maar die kompetisiereëls moet vir elke inskrywing nagekom word.
- Elke inskrywing moet 'n unieke woord wees. Inskrywings van dieselfde woorde(e) geld dus as 'n enkele inskrywing, ongeag hoeveel keer dit ingeskryf word.

### 2. Formaat van kompetisie en inskrywing

- Stuur vir ons jou nuutskepping met die verduideliking daarvan na ons Whatsapplyn by 064 652 6873. Onthou om jou naam en van by te voeg. Die mees kreatiewe inskrywing sal wegstap met die wenprys.
- Inskrywings wat per ander platforme aan Afrikaans.com gestuur word, is *nie geldig* en sal nie vir die kompetisie oorweeg word nie. Dit sluit in inskrywing wat per sosiale media, eposse, kontakvorme en so meer gestuur word.
- Deelname aan die kompetisie en aanvaarding en/of gebruik van 'n prys, of enige aspek daarvan, is op die deelnemer se eie risiko.
- Inskrywings word geag as toestemming vir Afrikaans.com om inskrywingsmateriaal soos ons goed dink op die Afrikaans.com webtuiste en sosialemediaplatforms aan te wend. Vrywaring van *alle* materiaal (in die geval woorde) word dus met elke inskrywing deur die persoon wat inskryf gegee.

### 3. Tydperk van kompetisie

- Hierdie kompetisie open **Maandag 13 April 2020 om 08:00** en is geldig tot en met **Sondag 19 April 2020 om 00:00**. Slegs inskrywings wat binne hierdie tydsraamwerk ontvang word sal oorweeg word.

### 4. Kies, aankondiging en vergoeding van wenners

- Hierdie kompetisie sal 'n persoon in 'n eerste-, tweede- en derdeplek identifiseer en aankondig.
- Kriteria vir beoordeling:
  - Beoordeling berus by die Afrikaans.com interne span. Woorde sal beoordeel word volgens kreatiwiteit, vermaaklikheid, vlak van beskrywing en gepastheid.
  - Die beoordelaars se beslissing is finaal en geen verdere korrespondensie sal daarvoor gevoer word nie.

➤ Die volgende prysgeld is van toepassing:

- R3000 vir die wen-inskrywing
- R1500 vir die tweedeplek -inskrywing
- R500 vir die derdeplek-inskrywing.

Persone wat identifiseer word vir hierdie pryse sal per Whatsapp gekontak word. Verdere reëlins sal dan getref word. Alle prysgeld is in kontant oorbetalbaar aan die wenner wat 'n Suid-Afrikaanse bankrekening moet hê. Wenners moet besonderhede binne 5 werksdae aan Afrikaans.com verskaf.

➤ Aankondiging van 'n wenner

- Wenners word onafhanklik geoudit om te verseker dat die kompetisie regverdig was
- Geen persone geaffilieer met Afrikaans.com of wat vir Afrikaans.com werk, mag inskryf nie.
- Die beoordelaars se beslissing is finaal en geen verdere korrespondensie sal daarvoor gevoer word nie.
- Wenners sal op **30 April 2020** aangekondig word, alhoewel dit moontlik is dat 'n kortlys voor dit bekendgemaak word.

